

Wendy 50 Jaar in die harebedryf

• *Laurette Naudé*

Op 'n snikhete Saterdagoggend, 19 Oktober, het 40 dames by Fraaihuis Kwekery bymekaar gekom vir Wendy se viering in die harebedryf.

Soos 'n ware heer, met sy goue 1937 Desoto het Sampie Orton vir Wendy tot daar vervoer. Die dames het 'n erewag vir haar gevorm en met haar aankoms luidkeels gejuig en hande geklap.

Hierna het almal onder die koelbome in die tuin wat heerlik lafenis gebied het, gaan sit. Caryl Loots het op gepaste wyse met skriflesing en gebed geopen. Almal is hartlik welkom geheet.

Dit was vir ons almal 'n "Dankie-sê" dag. Eerstens teenoor ons Hemelse Vader wat

haar en ons almal vir soveel jare gespaar het. Vir ons as kliënte is dit net 'n voorreg om haar as mens te ken.

'n Geskenk namens al die kliënte is aan haar oorhandig, asook 'n geskenkbewys vir die aankoop van plante. 'n Gelukkige trekking is gedoen in die groepe 50, 40, 30, 20 en 10 jaar. Hierdie 5 pryse bestaan uit 'n haarkleur vir elke dame in haar groep.

Vorige haarkapsters het ook die geleentheid bygewoon, een sover as Bloemfontein.

Bedankings is gedoen en daarna is heerlik saamgekuier oor 'n koppie tee en verversings. Die oggend is afgesluit met 'n pragtige geleentheidskoek, wat die harebedryf uitbeeld, wat opgesny is en aan elke kliënt 'n skyf in die bord besorg het.



Op die foto bo Sampie Orton en sy 1937 Desoto wat Wendy vervoer het.



Op die foto bo Wendy Roos en Laurette Naudé besig met die gelukkige trekkings.



Op die foto van die kliënte wat 'n erewag gevorm het met Wendy se aankoms.



Op die foto van die kliënte kuier gesellig saam onder die koelbome.



Op die foto agter vl: Rina Groenewald, Ellen Marais, Wendy Roos, Magriet Booysen, Joey van Tonder en Rika Potgieter. Voor: Kleintjie Myburgh.



Op die foto vl: Antoinette Cunningham, Rosa Botes, Wendy Roos, Elmarie Cronje en Julia Bester.



Die geleentheidskoek wat spesiaal gebak is vir die geleentheid.



Op die foto agter vl: Mariaan van Rensburg, Hannie Botha, Martie Coetzer, Ria Booysen, Isabel Kruger, Wendy Roos, Hilde Roos, Lizelle Lange, Lina Nel, Juanita Schutte. Voor vl: Ria van Tonder, Nella Wilken.



Op die foto agter vl: Marinda Parks, Angelique Scheepers Wendy Roos, Yvonne Smit, Marina van Niekerk en Hillet Roos. Voor: Magdaleen van Rensburg.



Op die foto vl: Caryl Loots, Anet Germishuys, Christa Leonard, Wendy Roos, Alta Claasen en Bertha Hancke.



Op die foto vl: Rachel Booysen, Lodi Greeff, Wendy Roos en Nellien Scheepers.

Hierdie bladsy is moontlik gemaak deur vriende en kliënte van Salon Geody